## 28 Augustus - OUDERLING/E

**Skrifgedeelte: Openbaring 5:1-14**
**Fokusgedeelte: Openbaring 5:5-7 (NAV)**

Johannes het baie gehuil toe daar niemand waardig genoeg gevind kon word om die boekrol met die sewe seëls oop te maak nie. In die boekrol is God se raadsplan opgeskryf, soos wat dit voltrek moet word in die geskiedenis van die wêreld. Wie ook al die boekrol neem en dit oopmaak, moes ook in staat wees om dit wat daarin staan, tot uitvoering te bring.

Ons verstaan Johannes se trane as ons in gedagte hou dat God se raadsplan ook sy verlossing insluit, waarsonder daar geen hoop en troos is nie. As daar niemand gevind kon word wat die raadsplan in vervulling kan laat gaan nie, beteken dit dat gelowiges aan omstandighede uitgelewer is. Hulle kan dan nie lewe met die sekerheid dat God in beheer is en oor hulle lewens beskik nie, en hulle kan nie uitsien na hulle finale verlossing nie.

'n Ouderling het Johannes aangesê om nie te huil nie. En die rede? Hy kon hom wys op die Leeu uit die stam van Juda wat die oorwinning behaal het en wat waardig is om die boek met die sewe seëls oop te maak. Die uitvoering van God se raadsplan is nie onseker nie.

Daar is Iemand wat dit tot uitvoering bring; die Lam wat geslag was. Die Here Jesus het met sy bloed die prys betaal. God het Hom op grond daarvan verhoog tot aan die regterkant van sy hemeltroon. Hy gee uitvoering aan God se raadsplan.

Ouderlinge wie se dienswerk die Here gebruik om sy kerk te regeer, het ook die heerlike voorreg om ander te troos deur hulle te wys op die Leeu uit die stam van Juda wat die oorwinning behaal het. Trouens, die ouderling in die gesig van Openbaring 5 verteenwoordig die kerk van die Here.

Dit is ook die getuienis wat die kerk in hierdie wêreld moet uitdra: Jesus Christus gee uitvoering aan God se raadsplan, daarom is daar hoop en troos.

*Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2* *Ds ASA de Bruyn (Wilropark)*